sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur — 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

## VRAAG 1

1.1 **Idioom 1: Om tot tien te tel.** (B1 en B3)
Kalm. Om tot tien te tel beteken om te pouseer / te stop om jou kalmte te herwin wanneer jy op die punt staan om jou humeur te verloor.

**Idioom 2: Vir die voëls.** (B1 en B3)
Onbelangrik. Gebruik om iets te beskryf as futiel / nutteloos, wat nie ernstig opgeneem word nie, niksseggend, belaglik; onbelangrik; oninteressant.

1.2 Die jaar was veeleisend / moeilik / gejaagd / uitdagend. Die skrywer wil rus na 'n moeilike jaar. (B2)

1.3 Enersyds – aan die een kant / die een keer / aan die een hand.
Andersyds – aan die ander kant / die ander keer / aan die ander hand. (B1)

1.4 1.4.1 Deur die sin met die woord "en" te begin, word die gedagte wat in die eerste sin gevestig is, in die tweede sin uitgebrei. / Dit brei die gedagte van die eerste sin in die tweede sin uit. / Dit is deel van die vorige sin. / Dit skakel die twee sinne aanmekaar. (B3)

1.4.2 Sy voel presies, op die genoemde tyd, asof sy nie behoort / deel van die groep is nie. Haar idee / manier van "afskakel" stem nie ooreen met ander mense s'n nie. Dit skakel dus met die woord "teenstrydigheid" in paragraaf 1 waar sy noem dat mense die tyd tussen Kersfees en Nuwejaar verskillend beleef. Voel anders as ander mense en beskryf die teenstrydigheid. (B4)

1.5 1.5.1 (Attributiewe) byvoeglike naamwoord / adjektief. B.nw. (B1)

1.5.2 Die vrou lyk subliem in die uitrusting. [Oorweeg ander antwoorde waar die woord as 'n bywoord in 'n verklarende sin gebruik is.] (B3)

1.5.3 Die stilte onderwater is vir haar van die heel beste / voortreflik veral na 'n besige jaar waar sy na stilte smag. Die woord "subliem" allitereer ook met die woord "stilte". Die deftige woord pas by die formele, ouer woordgebruik in die paragraaf. Die water is stil en skoon, daar is doodse stilte onder die water. [Oorweeg ander antwoorde.] (B4)

1.6 Dit sluit aan by die meer formele woordgebruik in die paragraaf. / Sluit aan by deftiger toon van die paragraaf. / Dit skep alliterasie met die woord "wind" en klink daarom meer poëties. (B4)

Sy voel gelukkig / vry / vreesloos / avontuurlustig / vreedsaam / vredig. (B2)
Waarom kies sy die woord. Watter emosie.

IEB Copyright © 2024

1.7 1.7.1 Opnoemtegniek / enumerasietegniek / opstapeling / maak 'n lys. Asindeton. (B1)

1.7.2 Die funksie van die tegniek is om al die irritasies wat haar stilte versteur te noem en te beklemtoon. / Dit is voorbeelde van dit wat haar stilte versteur. / Dis om te beklemtoon net hoeveel (uiteenlopende) klanke bydra tot haar frustrasie. / Dit verbeeld die kakofonie (par. 8) in 'n reeks woorde. (B3)

1.8 Minagting / irritasie / geringskatting. (B3)

1.9 Dit dra by tot die samehang. Die woord "[m]aar" dui die teenstellende paragraaf aan. / Die skrywer dui die kontras tussen paragraaf 4 en paragraaf 5 aan. / In paragraaf 4 noem die skrywer alles wat haar irriteer as sy die dag na stilte smag en in paragraaf 5 noem sy dat sy sommige dae baie wil gesels. (B2)

1.10 Afstandskoppelteken / weglaatteken. Koppelteken wat as weglatingsteken gebruik word. Koppelteken met voldoende beskrywing van die funksie binne konteks. (B1)

Die koppelteken word gebruik as aanduiding dat die woord "skakel" in die woord weggelaat is. / Staan in die plek van die woord "skakel". (B2)

1.11 1.11.1 Dit help nie noodwendig om tot tien te tel nie. Die wyse vrou stel voor dat die rubriekskrywer haar sintuie moet inspan voor sy haar humeur verloor / iets sê wat sy later sal berou. Deur haar sintuie in te span verhoed / vermy sy konflik / gee sy haarself kans om 'n alternatiewe antwoord te formuleer. (B3)

1.11.2 Sy plaas klem op die woord "luister" / beklemtoon die woord "luister" in die paragraaf. Sy wil hê die leser moet fokus op dit wat nie noodwendig hardop gehoor of gesê word nie, maar na die betekenis wat agter woorde wegkruip / die mooi geluide agter die geraas hoor. Mens moet nie net luister nie, maar hoor. Trek die aandag. (B3)

1.12 Vliegmodus [oorweeg eie kreatiewe nuutskeppings]. Vliegstelling, vliegversteller, vliegskakel, vliegskakeling. (B3)

IEB Copyright © 2024 

1.13 Metingskaal vir 3 punte:

**Voorbeeldantwoord:**

Die **voëlmetafoor** word deur die loop van die teks uiters geslaag aangewend.

In paragraaf 2 vertel die rubriekskrywer dat sy voel soos 'n **eend** in 'n **dam** vol **ganse**. Sy voel of sy nie soos ander mense afskakel nie. / Sy voel uitgesluit omdat sy nie elke keer soos die oorgrote meerderheid mense wil ontspan nie.

Die rubriekskrywer noem ook dat as sy saam met die menigte wil **snater** sy nie die kans gegun word nie, want die **swerm** is meteens weg. Snater is 'n harde geluid gewoonlik deur ganse voortgebring en swerm is 'n klompie voëls saam.

Sy noem verder in die teks dat op 'n gegewe dag haar **stertvere pronk** staan en sy nie omgee wie jou gekwetter hoor nie. Sy impliseer deur die gebruik van die metafoor dat sy op party dae voel of sy wil skitter / die aandag op haarself wil vestig / voel of sy raakgesien wil word dan wil sy aanhoudend praat (**kwetter**).

Sy sal voortaan bedag wees en aandag skenk aan waar sy haar bevind sodat sy nie 'n **kolgans** speel as sy eintlik 'n **vleikuiken** is nie. Sy sal haar dus meng met mense wat soos sy is. Sy sal nie verander bloot om by 'n sekere groep in te pas nie. (B5)

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 2

2.1 Halwe punt toegeken vir die korrekte leesteken en 'n halwe punte vir die korrekte funksie daarvan **binne konteks**.
Komma (paragraaf 2): Gebruik tussen twee werkwoorde in 'n saamgestelde sin / tussen twee gesegdes.

Dubbelpunte (paragraaf 5): Na die dubbelpunt volg 'n beskrywing / verduideliking van die Thor-persoon. Gee 'n lys van die Thor-persoon se voorkoms.

Kommapunt (paragraaf 5): Staan in die plek van die voegwoord "en" / staan in die plek van die neweskikkende voegwoord.

Komma (paragraaf 5): Voor die bysin.

[Enige twee] (B1)

2.2 Die woord word effektief op 'n figuurlike wyse gebruik omdat die vrees wat sy ervaar as sy haar in 'n vertrek met suksesvolle, gepubliseerde skrywers bevind haar ontsenu / kragteloos maak / bang maak. (B4)

2.3 Bedrieërsindroom is dit wat ervaar word deur mense wat voel hulle is nie goed genoeg nie en dat hulle uitgevang gaan word. / Mense wat voel hulle is nie so goed as wat ander mense dink hulle is in dit wat hulle doen nie. / Mense wat voel dat ander mense meer bevoeg en intelligenter as hul is.

Die woord impliseer dat die skrywer nie selfvertroue in haar talent het nie en dat sy in haarself twyfel as skrywer omdat sy dink dat sy nie goed genoeg is nie. Leerders moet verduidelik wat bedrieërsindroom is wat dit impliseer.
(B4)

2.4 Ons praat hier van heerlike / wonderlike / gerieflike sitplek waar lang persone hulle bene kan rek. (B2)

2.5 Die gevangene het 'n opgeskorte vonnis uitgedien. / Die vakansie is opgeskort. [Oorweeg ander antwoorde.] (B3)

2.6 Genoeg feëverhale is immers deur my gelees. (B1)

2.7 sluit (B1)

IEB Copyright © 2024

2.8 Metingskaal vir 3 punte:

**Voorbeeldantwoord:**

Die woorde het haar gerusgestel omdat ongeag die man se voorkoms hy ook soos sy oor die wêreld se doen en late bekommerd is. Dit het haar laat voel dat sy tog in die 16de ry behoort.

Sy vereenselwig haar met die manier hoe hy ontspan en soek, soos hy, ook ontsnapping van die werklikheid.

Hulle is emosioneel eenders ten spyte van die feit dat sy hom gestereotipeer het as gevolg van sy voorkoms.

Hy bekommer hom oor dieselfde dinge as sy, maar ten spyte van haar stereotipering van hom wys hy ook 'n sagter / emosionele kant van homself.

[Leerders moet in hulle antwoord onder meer verwys na waarom die skrywer haar met die man vereenselwig, hoekom sy woorde haar gerusgestel het en verduidelik waarom sy voel dat sy nou behoort.] (B4)

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 TEKSVERWERKING

**Opdrag:**

Stel 'n e-pos op waarin jy die geskiktheid van elke selfsorgeenheid lys sodat die ouers op die beste verblyfopsie kan besluit.

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Ondergemiddeld | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| 10 | 8 | 6½ | 5 | 3 |
| 9 | 7½ | 6 | 4½ | 2 |
| 8½ | 7 | 5½ | 4 | 1 |

Nota: in die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (hulle antwoorde op Vraag 3), en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien word om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

**Uitstekend:** Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle suksesvol relevante inligting uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

**Goed:** Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies.** Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. Die uitdrukking in sulke tekste sal helderheid demonstreer wat nie teenwoordig is in die gemiddelde teks nie. Vol en koherente sinne sal gebruik word en sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

IEB Copyright © 2024

**Gemiddeld:** Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie.** Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhaling of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van volsinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

**Ondergemiddeld:** Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan stel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

**Baie swak:** Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe tekste. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Nadat jy die punt bepaal het volgens die beskrywings en metingskaal hierbo, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtal aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtal aangedui is.

**Feite-lys:**

- Woodlands Villa is in die middel van Plettenbergbaai geleë.
- Die huis is geskik vir 12 gaste en beskik oor ses slaapkamers met en suite-badkamers.
- Die kombuis is toegerus met 'n gasstoof, yskas-vrieskas, eetgerei en breekware.
- Die huis beskik oor gratis WiFi.
- Daar is 'n ingeboude braai, plonspoel en onderdakstoep.
- Die koste beloop R5 800 per nag.

- Jolly Jenny @ The Dunes is in The Dunes Resort in Keurboomstrand geleë.
- Daar is ses eenhede beskikbaar wat elk twee gaste kan huisves.
- Elke eenheid beskik oor 'n en suite-badkamer en 'n kombuisie.
- Daar is 'n stoeparea by die strand waar gaste kan ontspan.
- Die koste beloop R6 100 per nag.

- Phezulu Plett is in Plettenbergbaai geleë met 'n uitsig oor Lookout-strand.
- Die vakansiehuis kan 12 gaste in 5 slaapkamers met badkamers huisves.
- Die oopplan-kombuis is ten volle toegerus.
- Gratis WiFi is beskikbaar.
- Die vakansiehuis het 'n swembad en braaigeriewe.
- Koste beloop R15 000 per nag.

IEB Copyright © 2024 

**Belangrik:**

Kandidate mag nie hulle eie idees of feite invoeg nie. Hulle hoef egter nie al die feite hierbo te gebruik nie – daar is te veel. Leerders mag van opskrifte gebruikmaak, maar egter nie net bloot die feite lys nie. Dit moet verwerk word.

**Voorbeeldantwoord:**

Woodlands Villa is teen R5 800 per nag in Plettenbergbaai beskikbaar. 12 mense slaap in ses slaapkamers met en suite-badkamers. Die kombuis het eetgerei, breekware, 'n gasstoof en yskas-vrieskas. Gratis WiFi is beskikbaar asook 'n plonspoel.

Jolly Jenny @ The Dunes, in Keurboomstrand, kos R6 100 per nag. Die ses selfsorgeenhede slaap 12 gaste. Eenhede beskik oor 'n en-suite badkamer en kombuis.

Phezulu Plett is in Plettenbergbaai en slaap 12 mense teen R15 000 per nag. Die kombuis is ten volle toegerus. Daar is gratis WiFi, braaigeriewe en 'n swembad.

90 woorde

Bloomsvlakverdeling vir Vraag 3:

| Vlak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punt | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 |

## AFDELING B POËSIE

## VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

4.1 Die gedig is 'n herinneringsgedig of huldigingsgedig omdat die skrapse oorblyfels van Sasha, 'n Russiese immigrant na Israel, se lewensverhaal onthou word in digvorm. Dit word bevestig deur die woorde: "Ek het hom weer onthou" sowel as die laaste drie versreëls waar Sasha se naam "ontruk" word "aan die vergetelheid".

Die onopgesmukte / eenvoudige vertelstyl van die gedig pas by die sober lewe wat Sasha, 'n doodgewone man, geleef het en waarvan die digter in die gedig vertel. Een punt toegeken vir die inhoud en een punt toegeken die vertelstyl. (B4)

4.2 Versreël 1 is 'n kort stelsin waarin die naam Sasha genoem word. Verder in die versreël word die woord "weer" gebruik. Die woord impliseer dat die digter gereeld aan Sasha dink.

In versreël 5 word die naam Sasha verstegnies uitgehef deur die tipografiese voorplasing en die gebruik van die ellips. Sasha se naam word vir die tweede keer herroep. Die ellips word aangewend omdat die ek-spreker 'n langer pouse aan die leser wil gee en die leser wil kans gee om oor iets na te dink, soos sy weer ook weer vir Sasha onthou. In beide reëls word Sasha se naam genoem en in albei reëls word Sasha onthou.

Die naam word in beide versreëls herhaal. In reël 1 word Sasha onthou en reël 5 word verduidelik wat onthou word. (B3)

4.3 Die tipografiese inkeping dui 'n tydsprong in die gedig aan en dui op die tyd na Sasha se aanhouding. Dui die progressie in Sasha se lewe aan.

Die inversie beklemtoon die egpaar se ouderdom en dat hulle nie meer jonk was toe hulle in Israel aangekom het nie. (B3)

4.4 Sasha en Tanja het beide swaargekry en tronkstraf uitgedien in die U.S.S.R. – Sasha heel moontlik as gevolg van sy hoë posisie in die Tsaar se weermag en Tanya omdat sy Joods was. (B3)

4.5 Die s-alliterasie en ee-assonansie dien as bindingsmiddel in die gedig. / Skep eenheid in die gedig. [Oorweeg ander gepaste antwoorde.] (B2)

4.6 Dit is simbolies van die houvas wat 'n persoon se geboortegrond op jou as immigrant het. / Die feit dat Sasha op Russiese grond begrawe is, is simbolies van sy gevangeskap. Hy ontsnap nooit werklik van Rusland nie. / Indien leerders heimat omskryf verdien hulle die punte. (B4)

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

5.1 Die gedig bestaan uit drie kwartyne en 'n rymende eindkoeplet. Die rymskema van die kwatryne is a b b a c d d c e f f e (omarmde rym).
[Enige EEN.] (B1)

5.2 5.2.1 Die voorvoegsel in die titel verwys na wiskunde wat nie suiwer is nie of dit is 'n oksimoron omdat wiskunde gewoonlik as 'n presiese dissipline gesien word. (B1)

Die on/nie verduidelik vir ons dat die inhoud die gedig van Van Wyk Louw weerspreek.

Met die titel maak die digter dit reeds duidelik hy nie saamstem met Van Wyk Louw se hipotese nie, naamlik of dit moontlik is vir enige lewe om te bestaan as die tydsverloop heeltemal gestol word. (B3)

5.2.2 Die digter reageer op een van Van Wyk Louw se bekende gedigte "Suiwer Wiskunde" wat as interteks dien. Met "Onsuiwer Wiskunde" wil die digter die suggestie dat verganklikheid vir 'n oomblik opgehef kan word, weerspreek. In "Onsuiwer Wiskunde" word verskillende reëls uit Van Wyk Louw se gedig aangepas om die gedig "Suiwer Wiskunde" te weerspreek en sodoende Van Wyk Louw verkeerd te bewys.

In Gouws se gedig weerspreek hy die hipotese in Van Wyk Louw se gedig en noem dat tyd glad nie stilstaan nie. (B4)

5.3 Die digter gebruik die veranderde meervoudsvorm ter wille van rym. / Sodat "boesmans" en "sjamans" kan rym (rymdwang). (B1)

5.4 Ons dink te klein en kan nie dit wat tot niet gaan / dit wat verbygaan tot dit wat altyd sal bestaan bymekaar te bring. / Ons as mens is nie in staat om dit wat verbygaan bymekaar te bring met dit wat nie verweer kan word nie, want ons dink te klein.

Ons as mens is te gering en klein om die grootheid van God te begryp.

Verduidelik verganklikheid verduidelik die grootheid van God. (B3)

5.5 Die afdruk van die Van Gogh-skildery, *Women Carrying Sacks of Coal in the snow,* verwys na Van Gogh se sendingwerk (in die Borinage-steenkool-myndistrik van België). Hy moes met swaarkry en haglike omstandighede te doen gehad het voordat hy die mooi in die lewe in sy skilderye kon vasvat. / Mense moet swaarkry om sodoende ware geluk en vrede te vind. (B4)

**OF**

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

6.1 Die gedig kan as 'n allegorie gesien word omdat Opperman se stilte na sy beroerte / na sy dood met 'n stukkende klavier vergelyk word. (B3)

6.2 6.2.1 Die voorvoegsel in die titel verwys na iets wat nie klaar is nie. Nie klaar nie, dit is onvolledig. Dit dien as 'n vooruitskouing van die gediginhoud omdat die onvoltooide Opperman-bundel in die gedig aangespreek word. (B3)

6.2.2 Die titel van die gedig verwys na iets wat onklaar / nie voltooid is nie. Die epigraaf / motto is twee sinne uit Kannemeyer se biografie oor Opperman en verwys op ironiese wyse na die onvoltooide bundel as "stukkend". In die gedig word beskryf hoe Opperman deur 'n beroerte tot stilstand gedwing is. Hierdie stilte word deur die loop van die gedig beeldend voorgestel.

Opperman word 'n klavier, sy onvoltooide bundel, *Sonklong oor Afrika*, 'n ongespeelde partituur, 'n klankbodem wat nie meer kon klink nie. (B4)

6.3 Die tipografies inkeping dui gedagtewisseling aan. Dui op Opperman se agteruitgang. (B1)

6.4 Die bladmusiek is onmiddellik beperk / ingeperk.

Hier verwys dit na die figuurlike en nie soseer die letterlike nie. Dit verwys hier na die onvoltooide gedigte en bundel, *Sonklong oor Afrika*, weens Opperman se beroerte. / Opperman kon nie meer dig / kon nie meer woorde gebruik nie. (B3)

6.5 Die omslag is die biografie van Opperman geskryf deur Kannemeyer en skakel direk met die epigraaf / motto van die gedig. Die twee sinne het as prikkel vir Rousseau gedien vir die skryf van die gedig oor Opperman.
J.C. Kannemeyer het Opperman se bundel voltooi. (B3)

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

7.1 Met die woord "ons" betrek die digter die universele ons by die gediginhoud. (B1)

7.2 Die gedig word tot 'n eenheid gebind deur die vele enjambemente. / Die gebruik van assonansie en/of alliterasie in die gedig. / Die gebruik van halfrym in die gedig.
[Enige EEN. Oorweeg ander gepaste antwoorde.] (B2)

7.3 Die woord "om" in dié gedig verwys na die woord "omdat". Die funksie van die (aangepaste) woord dui op die rondheid van die aarde. Die herhaling van die woord “om” bind die gedig tot 'n eenheid. (B3)

7.4 Die digter beklemtoon en druk haar verwondering deur die gebruik van die tipografiese alleenplasing van die woorde "en kyk!" en die uitroepteken aan die einde van die woorde. Deur die gebruik van die uitroepteken.
[Enige EEN.] (B3)

7.5 Die gebruik van die woord "persepsie" is ironies omdat ons persepsie van die aarde, soos op kaarte aangeteken, nie 100% korrek is nie. / Ons kan nie die hele aarde sien nie. (B4)

7.6 Metingskaal vir 3 punte:

**Verwagte inhoud:**

Gaia lag omdat ons met die kaart van die aarde daarvan besit wil neem. Ons wil besit neem van iets wat ons nie eens korrek kan karteer nie. Sy lag, want sy is die godin van die aarde en moeder van alles wat lewe. Sy is dus die werklike eienaar.

Sy kan moontlik ook lag omdat ons poog om iets wat so groot en omvangryk soos die aarde is op papier probeer vaspen.

Sy lag omdat die aarde beweeg en nie streng gesproke vasgepen kan word nie. Gaia gaan voort met haar eie beweging ongeag die mens wat die aarde probeer vaspen. Gaia is die besitter van die aarde. Verwysing na die kooptransaksie noodsaaklik. (B4)

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

## VRAAG 8 ADVERTENSIE

Verwys na beide Teks 8A en Teks 8B.

8.1 Stereotipering in beide advertensies:

8.1.1 Teks 8A:

Kopie – mans word gestereotipeer as sonder gesonde verstand. Daar word ook geïnsinueer dat mans nie bang is vir 'n bietjie reën nie en dat hulle mal is. Hy is nie in tradisionele liggewig oefendrag geklee nie, maar in die *All Conditions Gear Gore-Tex-pak*. Hy moet dik aantrek om in die weer te hardloop wat nie gemaklik kan wees nie en kan aansluit by mans wat kan aansluit by "Jy is mal." Blou tekkie. Die man het blou klere aan.

Grafika – die man hardloop in ongure weer, op 'n grondpad. Dit lyk verlate. Bebos. (B3) (B4)

[Oorweeg ander gepaste antwoorde.]

8.1.2 Teks 8B:

Kopie – daar word geïmpliseer dat vrouens paaie uit hul koppe ken (dalk nie maklik verdwaal nie) / rigtingvas is. Hardloop word as 'n liefdesarbeid deur vroue gesien. Die tekkie is vir 'n vrou se voet ontwerp.

Grafika – die vrou hardloop op 'n teerpad. Die son skyn en sy is in tradisionele oefendrag geklee. Pienk tekkie. (B3) (B4)

[Oorweeg ander gepaste antwoorde.]

8.2 Liefdesarbeid (B2)

8.3 Leerder se eie gemotiveerde antwoord.

**Voorbeeldantwoord:**

Antwoord handel oor die impak, nie die tekkie nie.

Advertensie 1: Die grafika beeld die kopie die beste uit. Die bewolkte agtergrond sluit duidelik aan by die noem van stortreën in die kopie. Die man is warm aangetrek wat wys dat dit koud is. Dit sluit aan by die noem van sneeu en reën.

Advertensie 2: Die advertensie se grafika is ligter as advertensie B s'n. Dit is ook 'n positiewe uitbeelding van 'n vrou in 'n oefensituasie. (B2)

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 9

9.1 Louis glimlag terwyl hy spring. Mens sal nie glimlag as mens deur 'n leeumannetjie gejaag word nie.

Louis se hande is in die lug van opwinding / ekstase / blydskap. Dit weerspreek die gedrag wat verwag word as 'n leeu jou jaag.

Louis het 'n sonbril op. Die insident het vroegoggend op pad na 'n badkamer plaasgevind. Hy sou heel moontlik nie 'n sonbril vroegoggend op pad na 'n badkamer gedra het nie. Dit weerspreek ook die erns van die saak en is heel moontlik vir humor in die spotprent geplaas. Sleg EEN van die TWEE verdien ook 'n punt. (B1)(B4)

9.2 Die spotprent is 5 Januarie in die koerant geplaas en dit is naby die begin van die nuwe jaar. / Hy het so groot geskrik dat hy homself in 'n ander jaar in geskrik het. / Louis het amper nie 2024 gehaal nie as gevolg van die leeu. (B3) (2)

9.3 Die kat wens vir Louis voorspoed toe / goeie wense vir 2024 aangesien hy na 2024 se kant toe spring. Die spoed is egter groter gedruk. Dit skakel direk met die spoed waarmee Louis vir die leeumannetjie weggehardloop het. (B2)

9.4 Metingskaal vir 3 punte:

**Verwagte inhoud:**

Moet die leeusituasie in die antwoord in ag neem.

Hier word spesifiek gekyk of die leerders 'n kreatiewe en interessant beskrywing van die grafika gee en 'n sinvolle meegaande bewoording vir die spraakborrel verskaf. (B6)

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024

## METINGSKAAL

Hierdie metingskaal word gebruik om die volgende vrae na te sien: 1.13; 2.8; 7.6 en 9.4

| VLAK EN BESKRYWINGS | 3 PUNTE | 2 PUNTE |
|---|---|---|
| **Die uitstekende/baie goeie respons**<br>• Is volledig/gedetailleerd met spesifieke verwysing na die gegewe teks en opdrag;<br>• Maak insigryke/spesifieke konneksies tussen die opdrag en die teks;<br>• Integreer alle elemente, toon 'n duidelike begrip van hoe dele bydra tot 'n groter geheel;<br>• Maak gebruik van gesofistikeerde taalgebruik. | 3 | 2 |
| **Die redelike respons**<br>• Maak redelike verwysing na die gegewe teks en die opdrag;<br>• Maak konneksies tussen die opdrag en die teks;<br>• Gee 'n bewys/bewyse dat die konteks begryp word;<br>• Toon 'n gedeeltelike begrip van die samehangende geheel;<br>• Maak gebruik van redelik goeie taalgebruik. | 2 | 1–1½ |
| **Die onvolledige respons**<br>• Verwys na die teks en/of opdrag in die algemeen;<br>• Is soms onakkuraat en oorvereenvoudig;<br>• Demonstreer konkrete denke en 'n onvolledige begrip van die elemente;<br>• Maak gebruik van swak taalgebruik wat steurend word. | 1 | ½ |
| **Die onvoldoende respons**<br>• Verwys glad nie na die teks en/of die opdrag nie;<br>• Beantwoord nie werklik die vraag nie weens 'n gebrek aan begrip;<br>• Maak gebruik van ontoereikende taalgebruik;<br>• Of verskaf geen poging om die vraag te beantwoord nie. | 0 | 0 |

Die nasiener mag 'n halfpunt meer of minder gee as wat die matriks toelaat om taalgebruik wat beter as die inhoud is, te beloon, of om taalgebruik wat swakker as die inhoud is, te penaliseer.

By elke vraag wat hierbo genoem is, verskaf die nasienriglyne tipiese inhoud wat by die vraag verwag kan word. Die nasiener moet egter die kandidaat se aanbod op eie meriete oorweeg en dit nie bloot meet teen die moontlikhede in die nasienriglyne nie.

IEB Copyright © 2024